94/

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

VICTOR JANTJIES .................... Appellant

EN

DIE STAAT .......................... Respondent

Coram: E.M. GROSSKOPF, STEYN et EKSTEEN, ARR

Verhoor: 24 Augustus 1990

Gelewer: 18 September 1990

# UITSPRAAK

EKSTEEN, AR :

Die appellant was ten tyde van die voorval in hierdie saak 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Gelvandale, Port Elizabeth. Dit skyn gemene saak te wees dat hy en 'n mede-konstabel, Nel, op 13 Februarie 1986 na die huis van ene Fred Levendal ontbied is. Levendal se seun Edmond was blykbaar dronk gewees en het sy pa se meubels gebreek en oor die algemeen by sy ouerhuis amok gemaak. Die appellant en Nel is na die huis. Hulle het Edmond in hegtenis geneem en hom in die vangwa gesit. Daarna het Edmond se broer Aubrey tussenbei getree en die twee polisiebeamptes aangespreek omdat hulle sy broer

..../ 2

gearresteer het. Die daaropvolgende woordewisseling het op 'n stoeiery uitgeloop en uiteindelik is Aubrey deur die appellant in die maag geskiet. 'n Ambulans is ontbied om hom na die hospitaal te neem, waar hy later aan sy wond beswyk het. Die appellant is gevolglik voor 'n streekhof van strafbare manslag aangekla. Die landdros het hom skuldig bevind en gevonnis tot 44 maande gevangenisstraf waarvan 20 maande voorwaardelik opgeskort was. Die appellant het hom toe in hoër beroep na die Oos-Kaapse Afdeling gewend. Daar is die skuldigbevinding bekragtig, maar die vonnis is versag na een van 2 jaar gevangenisstraf waarvan 1 jaar voorwaardelik opgeskort is. Verlof is aan hom toegestaan om na hierdie Hof op appèl te kom

slegs teen sy vonnis.

Die Staatsaak voor die landdros het uit die getuienis van die oorledene se ouers en sy broer David bestaan. Die appellant het in sy eie verdediging getuig en ook vir Konstabel Nel, Kaptein Ludick en David se gewese vrou, Margaret Levendal, as getuies geroep. Die getuienis van die drie Staatsgetuies was nie eensluidend nie maar desondanks is dit deur die landdros aanvaar. Hy het voorts die getuienis van die appellant en sy getuies - behalwe moontlik Kaptein Ludick - as ongeloofwaardig verwerp. Selfs by 'n aanvaarding van sy eie getuienis, sê die landdros, sou appellant nogtans skuldig gewees het aan strafbare manslag.

In die appèl na die Hof <u>a quo</u> het die Staat

toegegee en is dit ook deur die Hof bevind, dat die landdros fouteer het deur die onderling weersprekende getuienis van die drie Staatsgetuies te aanvaar, en die getuienis van die appellant te verwerp as synde nie redelik moontlik waar nie. Hierdie toegewing is ook voor ons gedoen by die beredenering van die appèl, en ons aanvaar die juistheid daarvan. Dit is dus onnodig om met die getuienis van die Staatsgetuies te handel. Dit is gemene saak dat die appèl benader moet word op die grondslag van die aanvaarding van die appellant se getuienis.

Die appellant het getuig dat hy en Konstabel Nel op die middag van 13 Februarie 1986 deur David en Margaret Levendal na die huis van Fred Levendal ontbied

is om vir Edmond in bedwang te bring en hom te arresteer. Hulle is saam na dié huis waar hulle vir Edmond onder die invloed van drank en "vreeslik oproerig" aangetref het. Appellant het hom gearresteer en na die vangwa geneem. Edmond se vader, Fred Levendal, het aan die appellant en Konstabel Nel gerapporteer dat Edmond se ander broer - d.w.s. die oorledene - "ook oproerig is, en dat hy in besit is van 'n vuurwapen waarmee hy die middag twee skote afgevuur het." Kaptein Ludick het getuig dat Fred Levendal later die dag, na die skietvoorval, 'n soortgelyke mededeling aan hom gemaak het.

Appellant getuig voorts dat, nadat hy vir Edmond in die vangwa gesit het, en hy omgedraai het,

.... / 6

hy die oorledene by die hek van die Levendal perseel gewaar het. Die oorledene was klaarblyklik onthuts oor die arrestasie van sy broer, en hy het op die polisie geskel. Appellant sê dat hy gesien het dat die oorledene 'n vuurwapen onder sy hemp uitgehaal het en na regs beweeg het na die hoek van die woonhuis asof hy daar skuiling wou soek. Konstabel Nel het agter die oorledene aangehardloop terwyl die appellant links om die huis beweeg het om die oorledene te probeer vaskeer. Die oorledene het hom in die appellant vasgehardloop en appellant voor die bors gegryp. Dit was gemene saak dat die oorledene frisser gebou was as die appellant en Nel. Die appellant sê dat hy vir die oorledene aan sy skouers gegryp het en hom op die grond probeer neergooi

het. Die oorledene was baie aggressief en hy het in die loop van die stoeiery appellant se rewolwer uit sy holster geruk. Konstabel Nel het op hierdie tydstip bygekom en die oorledene om sy arms vasgegryp terwyl die appellant probeer het om sy rewolwer weer van die oorledene af te neem. Na 'n hewige gestoei het appellant uiteindelik daarin geslaag om die rewolwer weer in die hande te kry. Hy sê dat hy agteruitbeweeg het weg van die oorledene af en die rewolwer weer in sy holster geplaas het. Die oorledene het toe weggebreek uit Konstabel Nel se greep en doelgerig na die appellant aangekom. Appellant sê dat dit vir hom voorgekom het dat die oorledene weer wou probeer om die rewolwer van hom af te neem. Hy was toe al moeg gestoei

en het vir sy lewe gevrees. Hy het sy rewolwer uitgehaal, Konstabel Nel beveel om pad te gee agter die oorledene, en gedreig om die oorledene te skiet. Hy sê dat hy dit gedoen het in 'n poging om die oorledene af te skrik. Dit het egter geen uitwerking gehad op die oorledene se doelgerigte aantog na hom nie. Hy haal toe sy rewolwer oor en skiet 'n skoot in die rigting van appellant se bene. Hy kon nie sê hoe dit gekom het dat hy die oorledene in sy maag getref het nie, maar vermoed dat die rewolwer geruk het met die afgaan van die skoot sodat die koeël in 'n ander rigting gegaan het as dié waarin hy gemik het. Dit is iets wat wel met so 'n rewolwer gebeur.

Nadat die oorledene sy maag vasgehou het en

op die grond neergesak het, het 'n jong vroutjie, vermoedelik 'n verpleegster, na hom gekom en hom hulp verleen. Appellant sê dat hy na die vangwa gegaan het, die aangeleentheid aan hul "radiobeheer" gerapporteer het, en 'n ambulans ontbied het. Die ambulans het oorledene later weggeneem, en Kaptein Ludick het nog later by die toneel aangekom. Hulle het gesoek na die vuurwapen wat die oorledene sou gehad het maar hulle kon geen spoor daarvan vind nie.

Dit was in wese die appellant se relaas van die gebeurde, en dit is op die aanvaarding van hierdie relaas dat die appèl teen sy vonnis oorweeg moet word. Sy skuldigbevinding aan strafbare manslag vorm geen deel van die appèl nie, en dit is dus onnodig om daaroor

te besin.

Dit is gemene saak dat die appellant ten tyde van die voorval reeds vyf jaar diens in die polisiemag gehad het en dat hy op die punt gestaan het om tot sersant bevorder te word. Die landdros het ook by vonnisoplegging in aanmerking geneem dat "die polisie, in die algemeen gesproke, 'n moeilike en dikwels ondankbare taak verrig"; dat die skoot deur die appellant afgevuur was "as gevolg van waarskynlik oorhaastige of dalk onnadenkende optrede aan die kant van die beskuldigde"; en dat "hierdie heel waarskynlik 'n eenmalige voorval was en dat daar geen gevaar van herhaling in die toekoms blyk te wees nie". Hy verwys ook na ander besonderhede wat volledig deur oorledene se advokaat voor die Hof

gelê was, en wat hy by vonnisoplegging in aanmerking geneem het, maar hy sê nie wat hierdie besonderhede was nie.

Alhoewel strafbare manslag wat die verlies van ŉ mens se lewe inhou nooit ligtelik deur ŉ Hof beskou kan word nie, is daar in die onderhawige geval versagtende faktore wat ook in aanmerking geneem moet word. Die appellant het nie skoor gaan soek met die oorledene nie. Hy is in die uitvoering van sy pligte na die Levendal tuiste ontbied om ŉ oproerige seun in bedwang te bring. Daar is hy gewaarsku dat die oorledene ook oproerig was, dat hy gewapen was, en dat hy daardie middag twee skote daar afgevuur het. Onmiddellik daarna verskyn die oorledene op die toneel in ŉ

aggresiewe bui wat teen die appellant en sy mede-konstabel gemik was. Hy bring 'n vuurwapen tevoorskyn en soek skuiling langs die huis. In die daaropvolgende poging om hom in bedwang te bring vind die stoeiery plaas waarin hy die appellant se rewolwer van hom afneem. Eers na 'n lang gestoei, en met die hulp en bystand van Nel, slaag die appellant uiteindelik om beheer oor sy rewolwer te herwin. Onmiddellik daarna bedreig die oorledene weer vir die appellant wat toe al moeg gestoei was met 'n man wat sterker as hy was. Appellant se pogings om hom af te skrik was vrugteloos, en toe eers skiet hy 'n skoot na die oorledene. Die skoot, sê hy, was nie na die oorledene se maag gemik nie maar na sy bene. Die appellant moes miskien meer versigtig gewees

het met die afskiet van die skoot, maar die groot mate van provokasie en bedreiging wat op sy weergawe die skoot voorafgegaan het, moet in 'n groot mate van die erns van die oortreding afding. Wat die persoonlike faktore van die appellant betref moet in aanmerking geneem word dat hy geen vorige veroordelings het nie en dat hy 'n jong man, op die drumpel van 'n belowende toekoms, is. Die gebeurde ter sprake was 'n ongelukkige episode waar hy in die hitte van die oomblik opgetree het, en is iets wat in alle waarskynlikheid nie weer in die toekoms sal voorkom nie. In hierdie omstandighede meen ek nie dat die openbare mening op gevangenissetting van so 'n man sal aandring nie. Die belange van die gemeenskap sal eerder gedien word deur 'n geheel opgeskorte vonnis wat as 'n

heilsame waarskuwing kan dien, en 'n aansporing tot meer toegewyde diens.

'n Geheel opgeskorte vonnis verskil so wesenlik van die vonnis van die Hof a quo dat hierdie Hof geregtig is om in te gryp.

Die appèl slaag en die vonnis word gewysig na een jaar gevangenisstraf wat in sy geheel opgeskort word vir 4 jaar op voorwaarde dat appellant nie weer gedurende daardie tydpwerk hom skuldig maak aan strafbare manslag waarby aanranding 'n element is nie, en waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word.

J.P.G. EKSTEEN, AR

E.M. GROSSKOPF, AR )
STEYN, AR ) stem saam